

DIE SKIETLOOD



1

SKIETLOOD: 88e Uitgawe 3 Junie 2016 saam met Koersvas 88

Opgestaan

Meteens staan ons in die hart van die Evangelie en bely ons die grootste geheimenis wat tegelyk ook die grootste werklikheid is. Dit sou redelik wees om te stel dat die opstanding die eintlike openbaring van God is. Hierdie sleutelgebeurtenis is tegelyk ook vir baie 'n struikelblok.

Die Apostolicum stel; *tertia die resurrexit a mortuis*, terwyl die Niceense belydenis stel; *resurrexit tertia die*. Dit is opvallend dat die Latynse vertaling van die oorspronklike Griekse teks nie die woorde 'volgens die Skrifte' (*καὶ ἀναστάντα τῇ τρίτῃ ἡμέρᾳ κατὰ τὰς γραφὰς*) vertaal nie. Ons sal tog aandag moet skenk aan die verwysing na die "Skrifte". Die verskil in woordorde tussen die twee belydenisse is nie van belang nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die Apostolicum die woorde 'uit die dood' insluit.

Die opstanding dui op die einde van Jesus Christus se optrede in die geskiedenis. Tot en met Sy dood was Sy optrede openbaar, deel van die feilbare menslike geskiedenis. Sy opstanding breek deur hierdie geskiedenis en skep die nuwe werklikheid wat in onverganklikheid geklee is. Dit beteken nie dat die opstanding nie in die geskiedenis plaasgevind het nie. Dit beteken net dat die opstanding die geskiedenis onherroeplik verander het.

Dit is gerade om eerstens die Skrifgetuienis te ondersoek alvorens daar

by die volgende geleentheid aandag geskenk word aan die volgende sake; derde dag, opgestaan, uit die dood, volgens die Skrifte.

Skrifgetuienis; Die Evangelies

Die Skrifgetuienis oor die opstanding kan in twee verdeel word, te wete die berigte oor die leë graf of te wel die opstanding, en die berigte van Jesus se verskyning aan verskeie getuies na die opstanding.

Matteus

Matteus 27:62-66 asook 28:11-15 vertel ons dat daar na Jesus se dood skrifgeleerdes was wat beter as die dissipels onthou het. Die Joodse owerhede het die goewerneur Pilatus gaan vra vir 'n Romeinse wag om voor Jesus se graf te gaan staan sodat Jesus se lyk nie gesteel kan word en Sy dissipels dan beweer dat Hy opgestaan het soos Hy beloof het nie. Jesus se graf is verseël en 'n wag het voor die graf diens gedoen. Waarom het die Jode nie self die graf bewaak nie? Dit sou streng reëls oor die Sabbat breek. Die volgende dag het die wagt ook die berig van die gebeure by die graf aan die Joodse owerhede oorgedra. Daar word nie vertel hoeveel van die inligting is oorgedra nie (soos die aardbewing en die wegrol van die geseëde graf se klip en die verskyning van die engel). Ons weet net hulle het omkoopgeld ontvang om werkversuim te pleit en 'n leuen te gaan verkondig as rede vir die leë graf.

Matteus 28:1-8 berig oor die opstanding. 'n Aardbewing en die verskyning van 'n



engel begroet die vroue wat na die graf toe gaan. Die wagte skrik so groot dat hulle verlam soos dooies word. Die engel berig dan dat die vrouens op die verkeerde plek na Jesus soek omdat Hy opgestaan het en gee hulle 'n opdrag om die nuus, asook 'n die uitnodiging na Galilea aan die dissipels oor te dra. Die engel nooi hulle ook uit om die plek waar Jesus gelê het te ondersoek. Die vrouens gee haastig gehoor aan die opdrag. Wat nie in hierdie gedeelte vertel word nie en tot spekulاسie kan lei, is die volgorde van die opstandingsgebeure. Het Jesus opgestaan en die graf verlaat, of het Jesus opgestaan en moes Hy wag vir die engel om die klip vir Hom weg te rol? Die teks skimp in die rigting van 'n opstanding - los van die klip wat wegrol. Die klip word verwyder sodat die vrouens die leë graf kan ondersoek. Die aardbewing suggereer dat iets 'aardskuddend' gebeur het. Die betekenis van die teks moet nie oorspan word nie en daarom moet ons nie meer as dit probeer inlees nie.

Matteus 28:9-10 en 16-20 skets die gebeure tydens Jesus se verskyning aan die vroue en daarna aan Sy dissipels. Die vroue het Hy net gerus gestel en toe die opdrag van die engel herhaal. Die gehoorsame dissipels het Jesus gesien en van Hom die doopopdrag ontvang. Ons lees ook dat hulle in Hom geglo het, hoewel sommiges getwyfel het. Jesus se opstanding bewys dat Hy die Seun van God is en dit is vir sekere mense net een te veel om te aanvaar. Jesus se opdrag

is om met Sy boodskap besig te bly tot Hy weer kom.

Markus

Die Markus Evangelie het 'n deurlopende tema wat bekend staan as die Messias-geheim. Dit verwys daarna dat daar in die Evangelie verwys word na Jesus as die Christus, maar dit word telkens geheim gehou. Die rede daarvoor is dat dit eers werklik verstaan en geglo kan word in die lig van die opstanding.

Markus 16:1-8 berig oor die leë graf. Die vrouens gaan na die graf en het 'n bekommernis oor die swaar klip. Daar gekom, vind hulle alles behalwe wat hulle verwag. Markus noem die een wat aan hulle verskyn nie 'n engel nie, maar 'n jong man met 'n lang wit kleed om hom. (Die aanduiding dat dit 'n jong man was, kan verband hou daarmee dat engele nie ouer word nie. Engele is God se boodskappers en ons kan daarom aanvaar dat Markus 'engel' bedoel het) Die berig is soos die Matteus-weergawe dat Jesus opgestaan het en dat die dissipels na Galilea moet gaan.

Markus 16:9-20 begin met die gegewe feit dat Hy opgestaan het en berig dan verder oor Sy verskynings eers aan Maria Magdalena, daarna aan twee in die veld (Emmaus) en daarna aan die elf. 'Geloof' en 'nie geglo' nie gaan ook hier hand aan hand in die geskiedenis. In hierdie gedeelte word die opdrag om te verkondig en te doop weer gegee.

Lukas

Lukas 24:1-12 gee by herhaling dieselfde basiese inligting van die vrouens wat na die graf gaan, die klip wat weggerol is, die leë graf, die verskyning van engel/e,

die herinnering aan Jesus se beloftes oor opstanding en die verwysing na Galilea. Lukas voeg by dat Petrus ook na die graf gegaan het en dit gevind het soos die vrou berig het.

Lukas 24:13-31 se vertelling oor Kleopas en sy vriend op pad na Emmaus, is aangrypend. Die leser weet van die begin af dat dit Jesus is wat saam met hulle stap. Net soos die opstanding as voldonge feit gestel is in Markus en die vertellings daarna vanuit daardie feit volg, is dit ook so dat Lukas na Jesus kan verwys omdat die opstanding reeds bevestig is. Jesus kerkiseer hulle en hulle oë gaan oop.

Lukas 24: 32-43 vertel van die haastige teruggaan om te getuig, net om te hoor Jesus het aan Petrus verskyn. Daarna verskyn Jesus aan hulle. Vrees, twyfel en huiwering word vervang met geloof. Jesus oortuig hulle dat Hy nie 'n spook is nie deur voor hulle te eet. Hy gee Sy opdragte, maak die belofte van die wederkoms en die Gees en vaar op na die hemel.

Lukas praat van twee engele. Dit beteken nie dat daar nou 'n botsing van getuienis is nie. Markus en Matteus se weergawes verwys nie na net een man nie, maar een man/engel. Dit beteken nie dat daar nie meer was nie, net dat die interaksie net met hierdie engel/boodsAPPER was.

Johannes

Johannes 20:1-13 se berig verskil van die ander drie Evangelies in die sin dat Johannes en Petrus albei die leë graf sien voordat daar 'n berig oor 'n eerste verskyning is. Die klip wat weggerol is,

die vrou teenwoordig, die engele wat verskyn, hartseer, verwarring en gesprek is elemente wat in al die geskiedenis vertellings oor die opstanding herhaal word.

Johannes 20:14-31 brei uit op die verskynings van Jesus. Hy verskyn eerste aan 'n vrou, daarna by herhaling aan die dissipels, met die vertelling van Tomas wat hier bygevoeg word. Opvallend is dat Jesus sy wonde aanbied as bewys dat dit Hy is, terwyl Hy in Lukas iets eet om te bewys hy is nie 'n gees nie.

Johannes 21 vertel van die ander kere wat Jesus aan Sy dissipels verskyn het. Petrus se boetedoening (driemaal liefde verklaar vir die drie maal verloën) is redelik prominent in hierdie vertelling oor Jesus se verskyning aan Sy dissipels. Dit is duidelik uit die vier Evangelies se vertellings dat beide die verklaring dat Jesus opgestaan het en Sy verskyning aan Sy dissipels die waarheid is. Wat vind ons in die res van die Bybel? Die Ou Testament se profetiese gedeeltes word deur Evangelieskrywers en briefskrywers uitvoerig aangehaal en dit is duidelik dat die skrywers van die Ou Testament die weg van smarte, asook die opstanding in geloof gesien het. Wat vind ons in die briewe?

Skrifgetuienis; Die Briewe en Handeling

Die vele verwysings na Jesus se opstanding en verskyning aan Sy dissipels maak dit duidelik dat dit die kern van die verkondiging is. Die opdrag om te verkondig en te doop, wat telkens in die opstandingsvertellings weergegee

word, blyk ook sentraal te wees tot die kerugma. 'n Paar voorbeelde word aangedui.

I Korintiërs 15:5vv berig oor Jesus se verskyning aan verskeie gelowiges na Sy dood en opstanding. Paulus is oortuig dat hy die waarheid praat omdat baie van die mense aan wie Jesus verskyn het, op daardie stadium steeds in die lewe was en hom sou kon verkeerd bewys.

Handelinge 2:24,32 herhaal Petrus se toespraak net na die Pinkster gebeure. Petrus praat vreesloos en stel onomwonde dat Jesus nie dood is nie, maar lewe. Jesus het opgestaan en dit het hulle hele wêreld verander.

Romeine 6:4 koppel die doop aan Jesus se dood en opstanding. Soos elders in sy briewe, is dit vir Paulus vanselfsprekend om te praat van 'n Here wat uit die dood opgestaan het.

Kolossense 2:12 verbind ook ons dood en opstanding aan Jesus se opstanding uit die dood. Die krag van God wat dit alles moontlik maak, word baie duidelik gestel.

Uit al hierdie, en vele meer, Skrifbewyse blyk dit duidelik dat Jesus opgestaan het en dat ons met reg dit moet bely.

Samevattend:

Te midde van die verwarring oor presies wat gebeur het, is dit te verstane dat daar nie een honderd persent ooreenstemming tussen die Evangelies sal wees nie. Die Evangelies vertel Wat gebeur het, maar kan nie vertel HOE dit gebeur het nie. Hulle maak gebruik van algemene terminologie omdat die gebeurtenis in hierdie werklikheid plaasgevind het.

Uit die somtotaal van Skrifgetuienis is sekere sake duidelik. Die klip voor die graf was weggerol. Die graf was leeg. Daar was engele wat die berig oorgedra het.

Dit is duidelik dat die vrouens die berig oor die leë graf die eerste gehoor het, en dat dit vroue was aan wie Hy eerste verskyn het. Hulle was bang, verward en is nie onmiddellik geglo nie. Die opdrag is om na Galilea te gaan.

Jesus het aan baie ander getuies ook verskyn.

Sy verskynings het met troos, bemoediging en opdragte gepaard gegaan. Die duidelikste opdrag van die Here was die opdrag om te verkondig en om te doop.

Die dogmatiese gevolgtrekkings sal tot 'n volgende uitgawe moet wag.

Nicea

homo factus, crucifixus pro nobis sub Pontio Pilato, sepultus, **resurrexit tertia die,**

Apostolicum

Credo in Deum Patrem omnipotentem,
Creatorem caeli et terrae,

Filium Eius unicum, Dominum nostrum,

1. qui conceptus est de Spiritu Sancto, natus ex Maria Virgine,
2. passus sub Pontio Pilato, crucifixus, mortuus, et sepultus,
3. descendit ad ínferos, **tertia die resurrexit a mortuis,**